



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES

NOVEMBER 2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 17 bladsye.

NOTA VIR NASIENERS:

- Hou streng by hierdie nasienriglyne wanneer nagesien word.
- Die standaardiseringsproses tydens nasienriglynbesprekings verseker dat die nasienriglyne die meeste moontlike antwoorde deur kandidate dek.
- Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse toepas. Die nasienriglyne mag onder geen omstandighede verander word nie.
- In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-beamptes/-adviseurs nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate albei vrae beantwoord het, sien slegs die EERSTE vraag na. Trek 'n streep deur die vraag wat nie nagesien word nie.
- By sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke aantal feite te verskaf, moet slegs die verwagte aantal nagesien word indien meer verskaf word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie in die handboek verskyn nie. Professionele oordeel moet gebruik word. Indien daar onsekerheid is oor die inligting moet dit eers d.m.v. navorsing geverifieer word.
- Hoë, medium of lae kognitiewvlakke wat by elke antwoord verwag word, word bokant elke moontlike antwoord verskaf. Daar moet streng by hierdie vlakke gehou word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Nasieners moet GEEN punte vir antwoorde, wat oppervlakkig en minimaal of as al die vereistes van die vraag nie nagekom is nie, toeken nie.
- Nasien moet geskied ten opsigte van wat die kandidate weet en nie wat hulle nie weet nie.
- EEN regmerk = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punt toegelaat.
- $\frac{1}{2}$ -puntes kan aan LAE- en MEDIUMvlak-vrae toegeken word waar dit van toepassing is.
- **Geen $\frac{1}{2}$ punte** mag aan HOËvlak-vrae toegeken word nie.

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 1: DANSBESERINGS

LAE VLAK	1.1	Waar of Onwaar	5 punte
MEDIUM VLAK	1.2	Verduideliking	8 punte
		OF	
	1.3	Verduideliking	
HOË VLAK	1.2	Ontwerp (breinkaart)	2 punte
		OF	
	1.3	Ontwerp (muurkaart)	

NOTA: In 1.1 as die stelling ONWAAR is en die kandidaat nie die rede vir die ONWAAR- stelling verskaf nie, moet geen punte toegeken word nie.

1.1 DUI AAN WAAR OF ONWAAR

Verwagte reaksies:

- 1.1.1 Onwaar
 - voorkoming van beserings
 - die liggaam voor te berei (spiere, gewrigte, hartklop)
 - die gedagtes voor te berei (fokus)
 - Enige ander paslike antwoord vir opwarming(1)
- 1.1.2 Waar(1)
- 1.1.3 Waar (ballistiese strekking word in sekere oefeninge gebruik)

Onwaar

 - veroorsaak te veel stres op spiere, tendons, ligamente en gewrigte
 - onveilig en kan lei tot besering
 - Enige ander paslike antwoord vir bonsbewegings(1)
- 1.1.4 Onwaar
 - 'n verlengde ruggraat en geaktiveerde kernspiere
 - balans
 - belyning
 - Enige ander paslike antwoord vir goeie postuur(1)
- 1.1.5 Waar(1)

1.2 ONTWERP VAN BREINKAART: voorkoming van beserings

NOTA: **Vir die ontwerp van die breinkaart:**

- Ken 2 punte toe vir die algehele kreatiewe uitleg en aanbieding van die breinkaart

Vir inligting oor die voorkoming van beserings:

- Ken 'n maksimum van 8 punte toe as al vier kolpunte ingesluit en verduidelik is
- Ken 'n maksimum van 6 punte toe as slegs drie kolpunte ingesluit en verduidelik is
- Ken 'n maksimum van 4 punte toe as slegs twee kolpunte ingesluit en verduidelik is
- Ken 'n maksimum van 2 punte toe as slegs een kolpunt ingesluit en verduidelik is
- Indien eenwoord-antwoorde verskaf word mag $\frac{1}{2}$ punte tot 'n maksimum van 3 punte toegeken word.
- Kandidate mag binne elke kolpunt op een aspek fokus soos bv. omgewing: vloere
- Kandidate mag meer oor een kolpunt antwoord as ander. Al die kolpunte moet ingesluit wees vir die kandidaat om vol punte te behaal.

Verwagte reaksies:**Omgewing:**

- Vloere
- Lugversorging
- Temperatuur
- Grote van die spasie
- Klere en/of uniform
- Netheid en rommel
- Skoene en kouse
- Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou met die voorkoming van beserings.

Rol van die onderwyser:

- Toesig
- Help leerders met probleemoplossing
- Terugvoer en korreksies
- Werk binne elke student se strukturele beperkings
- Studente toepassing en korreksies
- Oormatige oefening
- Kennis en begrip van die dansvorm wat geleer word
- Hantering van die leeromgewing
- Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou met onderrig van die voorkoming van beserings.

Leefstylkeuses:

- Aanvullings
- Hantering van stres en spanning
- Dwelms en/of ander stowwe verbruik
- Slaap
- Voeding en hidrasie
- Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou met leefstyl keuses en die voorkoming van beserings.

Voeding en hidrasie:

- Hidrasie
- Diëte - voedselgroepe

Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou met voeding en hidrasie en die voorkoming van beserings.

(10)

OF**1.3 ONTWERP VAN MUURKAART: behandeling van besering****NOTA: Vir die ontwerp van die muurkaart:**

- Ken 2 punte toe vir die algehele kreatiewe uitlegging en aanbieding van die muurkaart

Vir inligting wat ingesluit is op die muurkaart:

- Ken 'n maksimum van 8 punte toe as albei kolpunte ingesluit en verduidelik is
- Ken 'n maksimum van 4 punte toe as een kolpunt ingesluit en verduidelik is
- Indien eenwoord-antwoorde verskaf word mag $\frac{1}{2}$ punte tot 'n maksimum van 3 punte toegeken word
- Kandidate mag binne elke kolpunt op een aspek fokus soos bv. behandeling: RYKE
- Kandidate mag meer oor een kolpunt antwoord as die ander. Albei kolpunte moet ingesluit wees om vol punte te behaal

Verwagte reaksies:**Verskillende tipe behandelings:**

- RYKE
- Fisioterapie
- Rehabilitasie oefeninge
- Alternatiewe/aanvullende vorms van oefening
- Medikasie
- Chirurgie
- Enige ander geskikte antwoord wat inligting verskaf oor die behandeling van besering

Invloede:

- Verlies van selfvertroue
- Druk om gouer te herstel
- Neerslagtigheid
- Bang om jouself weer te beseer/agterraak
- Gebrek aan motivering
- Verlies van komponente van fiksheid (elkeen kan in detail beskryf word)
- Aanhoudende swelling
- Gewig aansit
- Enige ander gesikte antwoord wat inligting verskaf oor die uitwerking van beserings.

(10)
[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

LAE VLAK	2.1	Kies	6 punte
MEDIUM VLAK	2.2	Verduideliking	4 punte
	2.3	Verduideliking	4 punte
HOË VLAK	2.4.1	Identifisering	3 punte
	2.4.2	Ontleding	3 punte

2.1 KIES WOORDE

Verwagte reaksies:

- 2.1.1 Aërobies/ kardiovaskulêre uithouvermoë /dinamiese strekking (1)
- 2.1.2 Neuromuskulêre vaardighede (1)
- 2.1.3 Kardiovaskulêre uithouvermoë (1)
- 2.1.4 Krag (1)
- 2.1.5 Statiese strekking (1)
- 2.1.6 Dinamiese strekking (1)

2.2 VERDUIDELIK GEBREK AAN SPIERKRAG

Verwagte reaksies:

- Moegheid/groot inspanning van spiere en liggaam/kan nie vir lang tydperke werk nie
- Nie in staat om maat op te lig nie/paarwerk te doen nie
- Nie in staat om ledemate op te lig/bewegings te beheer/toenemende gevaar van besering
- Kan nie balans beheer nie
- Swak postuur, houding en belyning
- Afname in die vermoë om te spring en veilig te land
- Bewegings sal moeiteloos lyk
- Enige ander relevante areas wat die gebrek aan spierkrag beskryf (4)

2.3 VERDUIDELIKING VAN KARDIOVASKULÊRE EN SPIERUITHOUVERMOË

Verwagte reaksies:

- Repeteer/uitvoer vir langer tydperke en op 'n hoër vlak sonder om moeg te word
- Spiere verskaf met suurstofryke bloed
- Verminder moegheid
- Verbeterde konsentrasie/fokus/verminder die kans van besering
- Sterk immuunsisteem
- Bewegings sal moeiteloos lyk
- Enige ander areas wat die voordele van kardiovaskulêre en/of spieruithouvermoë verduidelik (4)

2.4 BESTUDEER 'N BEELD

2.4.1 IDENTIFISEER NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDЕ

Verwagte reaksies:

- Balans
 - Ratsheid
 - Kinestetiese bewustheid
 - Ruimtelike bewustheid
 - Aanpasbaarheid
 - Vlotheid
 - Vloeidendheid
 - Oorgange
 - Dinamiese variasie
 - Koördinasie
 - Uitvoeringskwaliteit
 - Musicaliteit
 - Kunsinnig
 - Enige ander neuromuskulêre vaardighede wat verband hou met die beeld.
- (3)

2.4.2 ONTLEED NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDЕ

Verwagte reaksies:

- Elke vaardigheid wat in 2.4 geïdentifiseer was, moet in verband met die beeld verduidelik word
- Definisies word nie gevra nie
- Neuromuskulêre vaardighede wat nie verband hou met die beeld nie, sal geen punte ontvang nie.

(3)
[20]

VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

LAE VLAK	3.1	Pas	4 punte
MEDIUM VLAK	3.2	Verduideliking	6 punte

3.1 PAS ITEMS

Verwagte reaksies:

- | | | |
|-------|---|-----|
| 3.1.1 | D | (1) |
| 3.1.2 | A | (1) |
| 3.1.3 | B | (1) |
| 3.1.4 | C | (1) |

3.2 VERDUIDELIK HOE OM STRES EN SPANNING TE BESTUUR

NOTA: • Indien kandidate verduidelik en nie die “HOE” insluit nie, mag slegs ‘n $\frac{1}{2}$ punt toegeken word
• $\frac{1}{2}$ punte tot die maksimum of $1\frac{1}{2}$ punte mag toegeken word

Verwagte reaksies:

- | | | |
|-------|---|-----|
| 3.2.1 | Asemhalingsoefeninge: | |
| | <ul style="list-style-type: none"> • Fokus • Vrylating van spanning en om spiere te ontspan • Om hartklop te verminder en hartkloppings te voorkom • Voorkoming van angsaanvalle • Om die asemhaling na normaal terug te keer en die gedagtes na klas/opvoering te kalmeer • Kalmeer die senuweestelsel • Verduideliking hoe om ‘n asemhalingsoefening te doen om stres en spanning te bestuur • Enige ander relevante antwoord om stres en spanning deur middel van asemhaling te hanteer. | (3) |

3.2.2	Praat met iemand jou eie portuur:	
	<ul style="list-style-type: none"> • Vrylating van angs of vrees • Verskaf ondersteuning en aanmoediging • Begrip/simpatieke oor • Gevoel van aanvaarding • Ontsnapping • Deel verwante ervarings • Enige ander relevante antwoorde om stres en spanning te hanteer deur met iemand jou eie portuur te praat. 	(3)

[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING/-UITVOERING

LAE VLAK	4.2	Identifisering	3 punte
MEDIUM VLAK	4.1	Verduideliking	6 punte
HOË VLAK	4.3	Verduideliking	3 punte
	4.4	Argumentering	3 punte

NOTA:

- Kandidate moet TWEE feite vir elke kolpunt verskaf
- Antwoorde het die potensiaal om te oorvluel, moet nie dieselfde antwoord twee keer merk nie
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word

4.1 VERDUIDELIKING VAN VAARDIGHEDEN

Verwagte reaksies:

Probleemoplossing kan insluit:

- Improvisasie
- PAT
- Navorsingstaak
- Werk met ander
- Enige ander areas wat verband hou met probleemoplossing

Kommunikasie kan insluit:

- Ontwikkel bewegingswoordeskat om emosies/simbolieke uit tebeeld
- Dans as 'n onuitgesproke taal
- Ontwikkeling van die PAT
- Groepwerk
- Kommunikasie met onderwyser/gehoor/eksaminator
- Improvisasie
- Kontakwerk/saamdaans/paardans
- Mondeling aanbiedings/navorsingstaak
- Enige ander areas wat verband hou met kommunikasie.

Kreatiwiteit kan insluit:

- Improvisasie
- Ontwikkeling van idees/voorneme vir die PAT
- Vind nuwe maniere om werk voor te lê, bv. film/aanlyn/solo, ens.
- Ontwerp nuwe/saamgesmelte bewegings/style
- Abstraksie van idees
- Plakkaat/een-bladsy programnota
- Enige ander areas wat verband hou met kreatiwiteit.

(6)

4.2 IDENTIFISEER OPVOERINGSVAARDIGHEDEN

NOTA:

- Kandidate moet enige DRIE dansvaardighede vind
- Indien meer as een antwoord verskaf is merk slegs die eerste drie
- Kandidate mag een vaardigheid indiepte bespreek bv. verhoogkonvensies; verhoogterme, ingange, rigting

Verwagte reaksies:

Slegs DRIE opvoeringsvaardighede moet gelys word

- Musikaliteit
- Ritme
- Koördinasie
- Ruimtelike bewustheid
- Kinestetiese bewustheid
- Ratsheid
- Vlotheid/gladheid
- Vloeidendheid
- Dinamiese variasie
- Projeksie
- Fokus
- Tydsuur
- Frasering
- Akkuraatheid
- Beheer
- Vertroue in jou maat
- Interpretasie en uitdrukking
- Verhoogkonvensies
- Enige ander opvoeringsvaardighede.

(3)

4.3 VERDUIDELIKING VAN VERBETERDE UITVOERING

NOTA: Die kandidate word gevra om te verduidelik hoe hy/sy hul dansuitvoering sal verbeter

Verwagte reaksies:

Kandidate moet die DRIE dansuitvoeringsvaardighede ontleed wat in 4.2 geïdentifiseer word en verduidelik hoe dit hul eie dansuitvoering kan verbeter.

(3)

4.4 BEREDENEER/ARGUMENTEER TOEWYDING

Gee redes ter ondersteuning of oortuiging hoekom toewyding 'n belangrike faktor is.

NOTA: Kandidate mag vir of teen die stelling argumenteer/beredeneer

Verwagte reaksies:

- Bywoning
- Toewyding tot beweging/maats
- Dans in die algemeen
- Doelwitte
- Toekomstige loopbaan
- Enige ander antwoord wat verwant hou met toewyding as 'n belangrike faktor in dans.

(3)
[15]

TOTAAL AFDELING A: **60**

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID**VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE**

LAE VLAK	5.1	Meervoudige keuse	6 punte
MEDIUM VLAK	5.2	Verduideliking	10 punte
HOË VLAK	5.3	Ontleding	6 punte
	5.4	Verduideliking	3 punte

5.1 MEERVOUDIGE KEUSE**Verwagte reaksies:**

- | | | |
|-------|---|-----|
| 5.1.1 | A | (1) |
| 5.1.2 | D | (1) |
| 5.1.3 | B | (1) |
| 5.1.4 | C | (1) |
| 5.1.5 | D | (1) |
| 5.1.6 | A | (1) |

5.2 VERDUIDELIK PRODUKSIE-ELEMENTE

NOTA: • Kandidate moet verduidelik hoe die produksie-elemente die tema/storie/betekenis van 'n danswerk oordra
 • $\frac{1}{2}$ Punte mag toegeken word tot op 'n maksimum van 5 punte
 • Indien 'n kandidaat 'n goeie verduideliking tesame met 'n voorbeeld verskaf moet 2 punte toegeken word

Verwagte reaksies:

- Kostuums (bv. vroue in manspakke om tradisionele geslagsrolle uit te daag)
 - Grimering en hare
 - Rekwisiete
 - Stelontwerp
 - Beligtingsontwerp, spesiale effekte/projeksies
 - Agterdoek
 - Film
 - Terreinspesifieke opvoerruimte
 - Nie-konvensionele ruimte, bv. parke, bome, water, ens.
 - Tradisionele opvoeringsruimte (Prosceniumboog-teater, arenaverhoog)
 - Musiek/klank/begeleiding
 - Multidissiplinêre kunsvorme
 - Gebruik van simboliese kleure
 - Enige ander relevante gebruik van produksie-elemente om die tema/storie/mening van die dans te kommunikeer.
- (10)

5.3 ONTLEDING VAN 'N BEELD: danselemente

NOTA:

- Kandidate mag meer inligting oor een danselement verskaf as die ander een
- Indien slegs een element ontleed word, mag vol punte nie toegeken word nie

Verwagte reaksies:

RUIMTE:

- Vlakke
- Rigting
- Vorm
- Grootte
- Perspektief/diepte
- Simmetrie en asimmetries
- Punt van fokus/oogfokus
- Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou hoe ruimte in die beeld gebruik word.

KRAG:

- Werk teen/komplementeer swaartekrag
- Kragtig teenoor kragteloos, ens.
- Uitwaartse projeksie teenoor inwaartse projeksie
- Enige ander geskikte antwoord wat verwant hou hoe krag in die beeld gebruik word.

(6)

5.4 ONTLEDING VAN 'N BEELD: improvisasie stimulus

NOTA:

- Die verduideliking moet verband hou met die beeld .
- Kandidate mag die stimulus interpreteer asof dit gegee was as 'n solo/groep of klasimprovisasie.

Verwagte reaksies:

- Gebruik rekwisite
- Gebruik van die posisies in die beeld as stil/oorgange
- Begin en eindposisies
- Teenoorgestelde bewegings/kontraste
- Gebruik van ruimte/vlakke/rigtings
- Emosionele interpretasie
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou hoe die beeld as 'n improvisasie stimulus gebruik kan word.

(3)
[25]

VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

MEDIUM VLAK	6.1	Motivering	5 punte
	6.2.	Verduideliking	15 punte
		OF	
	6.3	Verduideliking	15 punte
HOË VLAK	6.4	Opinie	5 punte

6.1 KIES WOORDE EN MOTIVEER

- NOTA:**
- Kandidate moet enige VYF woorde kies
 - As meer as een antwoord verskaf word merk slegs die eerste vyf

Verwagte reaksies:

Enige VYF woorde wat gekies word moet verduidelik of 'n rede verskaf waarom hulle funksies van dans in die samelewing is.

(5)

6.2 SKRYF 'N OPSTEL EN VERDUIDELIK: hoofdansvorm, beginsels en eienskappe

- NOTA:**
- Lees en evalueer die hele antwoord voordat punte toegeken word
 - $\frac{1}{2}$ Punte mag toegeken word tot op 'n maksimum van 5 punte
 - Moet nie punte toeken vir algemene beginsels/stylle/karaktereinskappe

Verwagte reaksies:

Die volgende inligting kan ingesluit word

Eienskappe:

- Kostuums/klere/versierings
- Gebruik van verhoog/opvoerruimte
- Gebruik van musiek/begeleiding
- Voorneme – rede/storie/betekenis
- Geslagsrolle
- Deelnemers
- Enige ander relevante inligting wat verduidelik wat die hoofdansvorm uniek/herkenbaar en anders as ander dansvorme maak

Styl en tegnieke:

- Streek/kulturele (bv. Cecchetti of Imperial/Venda of Zulu)
- Bepaal tot 'n individu (bv. Graham/Ailey styl)
- Enige ander relevante inligting wat verduidelik wat die hoofdansvorm uniek/herkenbaar en anders as ander dansvorme maak

Beginsels:

- Houding en postuur
- Gebruik van bolyf
- Gebruik van kop
- Gebruik van bene en voete
- Gebruik van balans
- Gebruik van belyning

- Gebruik koördinasie van liggaamsdele
- Gebruik van gebare/mimiek/naboots
- Gebruik van swaartekrag
- Gebruik van danselemente

Enige ander relevante inligting wat verduidelik wat die hoofdansvorm uniek/herkenbaar en anders as ander dansvorme maak.

(15)

OF

6.3 SKRYF 'N OPSTEL EN VERDUIDELIK: hoofdansvorm geskiedenis/ontwikkeling

Verwagte reaksies:

Die volgende inligting kan ingesluit word

- Oorsprong
- Tydperke/Eras (bv. Renaissance, Romantiese era, ens.)
- Eeue
- Baanbrekers
- Invloede
- Choreograwe
- Sosiopolitieke kontekste
- Genre/dansstyle/tegniek
- Bewegingswoordeskat
- Enige ander relevante inligting oor die geskiedenis en ontwikkeling van die hoofdansvorm.

(15)

6.4 VERSKAF 'N OPINIE: Hoe covid-19 dans verander

Verwagte reaksies:

Covid-19:

- Enige relevante inligting oor hoe Covid-19 die kandidaat se danservaring verander het.
- Aanlynklassie
- Gebrek aan toegang tot aanlyntegnologie
- Beperkte aangesig tot aangesig dansklasse
- Aanlynopvoerings/feeste/kompetisies/werkswinkels, ens.
- Aanlyn samewerking/interdissiplinêre samewerking
- Solowerk as gevolg van isolasie
- Gebruik van alternatiewe ruimtes/terreinspesifieke opvoerruimtes
- Uitgebreide gebruik van tegnologie
- Ontwikkeling en verkryging van bykomende vaardighede

(5)
[25]

VRAAG 7: DANSWERK

Kognitiewe punte volgens rubriek:

LAE VLAK	Nie bereik/elementêr	5 punte
MEDIUM VLAK	Gemiddeld/voldoende/substansieël	10 punte
HOË VLAK	Voortreflik/uitstaande	10 punte

- NOTA:**
- Geen punt vir die naam van die danswerk
 - Evalueer die hele antwoord in konteks oor wat die kandidaat weet en punte moet daarvolgens toegeken word
 - Gebruik die nasienrubriek om die vlak van die antwoord te bepaal, gebaseer op die intellektuele kwaliteit van die antwoord.
 - Kandidate kan meer skryf oor een kolpunt as die ander
 - ALLE kolpunte moet ingesluit word om vol punte toe te ken

NASIENRUBRIEK

HOË VLAK 16 - 25	<ul style="list-style-type: none"> • Die opstel is goed gestruktureer en volg 'n logiese progressie • Uitstekende taalgebruik en dansterminologie waar geskik • Het 'n indiepte begrip waarom die danswerk gechoreografeer is • Kan verduidelik hoe die choreograaf die voorname in bewegings/ en of die gebruik van dansstyle asook die produksie-elemente omskep het om die tema/storie/oorsig te kommunikeer • Kritiese evaluering hoe die musiek/begeleiding bygedra het tot die algehele atmosfeer/stemming/voorneme van die danswerk • Het 'n indiepte begrip hoe simboliek gebruik word om betekenis te gee en die storie/idee/voorneme van die danswerk oor te dra • Verskaf bevestigde opinies oor die relevansie van die werk tans of geldig in die huidige sosiopolitieke situasies
MEDIUM VLAK 6 - 15	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende struktuur en logiese progressie in die opstel waarneembaar • Voldoende taalvaardighede en dansterminologie waarneembaar • Kan die voorname/inspirasie/rede/storie/oorsig/tema van die danswerk voldoende beskryf • Kan bewegings/en of dansstyle asook die produksie-elemente voldoende beskryf om die tema/storie/oorsig te kommunikeer • Voldoende begrip van die musiek/begeleiding • Mag/mag nie 'n opinie verskaf oor die relevansie van die danswerk
LAE VLAK 0 - 5	<ul style="list-style-type: none"> • Swak geskrewe opstel • Mag/mag nie in staat wees om die voorname/inspirasie/rede/storie/oorsig/tema van die danswerk te noem of beskryf • Mag/mag nie in staat wees om bewegings/en of dansstyle asook die produksie-elemente te beskryf • Mag/mag nie in staat wees om die musiek/begeleiding te beskryf • Minimale of geen kennis van die danswerk

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

Kognitiewe punte volgens rubriek:

LAE VLAK	Nie bereik/elementêr	5 punte
MEDIUM VLAK	Gemiddeld/voldoende/substansieël	5 punte
HOË VLAK	Voortreflik/uitstaande	5 punte

- NOTA:**
- Geen punte vir die naam van die choreograaf nie
 - Antwoorde mag in enige formaat aangebied word, bv. breinkaart, kolpunte, vloeidiagramme, ens.
 - Evaluateer die hele antwoord in konteks oor wat die kandidaat weet en punte moet daar volgens toegeken word
 - Gebruik die nasienrubriek om die kognitiewe vlak van die antwoord aan te dui, gebaseer op die intellektuele kwaliteit van die antwoord
 - Kandidate kan meer oor een kolpunt as die ander skryf
 - ALLE kolpunte moet ingesluit word om vol punte toe te ken

NASIENRUBRIEK

HOË VLAK 11 - 15	<ul style="list-style-type: none"> • Antwoord sistematies aangebied as studienotas • Uitstekende kennis oor die choreograaf se: <ul style="list-style-type: none"> ○ Agtergrond/geboorteplek/sosio-politieke invloede, ens. ○ Dansopleiding, professionele loopbaan as 'n danser/choreograaf ○ Prestasies en/of erkenning ○ Bydra en relevansie tot dans in die gemeenskap • Alle kolpunte van die vraag is ingesluit
MEDIUM VLAK 6 - 10	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende bewyse aangebied as studienotas in 'n sistematiese volgorde • Voldoende kennis van die choreograaf se: <ul style="list-style-type: none"> ○ Agtergrond/geboorteplek, ens. ○ Dansopleiding, professionele loopbaan as 'n danser/choreograaf ○ Prestasies en/of erkennings ○ Bydra tot dans in die gemeenskap • Meeste van die kolpunte is ingesluit
LAE VLAK 0 - 5	<ul style="list-style-type: none"> • Minimale/geen bewyse aangebied as studienotas • Minimale/verkeerde/geen kennis oor die choreograaf se: <ul style="list-style-type: none"> ○ Agtergrond/geboorteplek, ens. ○ Dansopleiding, professionele loopbaan ○ Prestasies en/of erkennings ○ Bydra tot dans in die gemeenskap • Die meeste van die kolpunte nie ingesluit nie

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOT TOTAAL: 100